



Government Gazette Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID AFRIKA

Vol. 734

7

August
Augustus 2026

No. 55152

PART 1 OF 2

N.B. The Government Printing Works will not be held responsible for the quality of "Hard Copies" or "Electronic Files" submitted for publication purposes

ISSN 1682-5845



9 771682 584003



AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

SOUTH AFRICAN REVENUE SERVICE**NO. 7788****7 August 2026****PERSONS ELIGIBLE TO APPLY TO THE COMMISSIONER FOR A DTA ADVANCE PRICING AGREEMENT IN TERMS OF SECTION 76C OF THE INCOME TAX ACT, 1962 (ACT NO. 58 OF 1962)**

In terms of section 76C of the Income Tax Act, 1962, I, Ngobani Johnstone Makhubu, Commissioner for the South African Revenue Service, hereby prescribe in the attached Schedule, the persons eligible to apply to the Commissioner for a DTA advance pricing agreement.

**N J MAKHUBU****COMMISSIONER FOR THE SOUTH AFRICAN REVENUE SERVICE**

Schedule

1. General

Any term or expression in this notice to which a meaning has been assigned in a “tax Act”, as defined in section 1 of the Tax Administration Act, 2011 (Act No. 28 of 2011), has the meaning so assigned, unless the context indicates otherwise.

2. Persons eligible to apply for a DTA advance pricing agreement

A person who is a party to an affected transaction, or contemplating entering into an affected transaction, is eligible to apply to SARS for a DTA advance pricing agreement, provided that—

- 2.1 the person had a turnover in excess of R10 billion in the year of assessment preceding the year of assessment in which the person requests a pre-application consultation meeting;
- 2.2 the affected transaction is in relation to the following functions:
 - 2.2.1 distribution;
 - 2.2.2 manufacturing; or
 - 2.2.3 intragroup services;
- 2.3 the affected transaction does not constitute financial assistance, and does not constitute or result in the creation of intangible property;
- 2.4 the value of the affected transaction for each of the years of assessment in section 76K(5) of the Income Tax Act is expected to exceed:
 - 2.4.1 R1 billion for a distribution or manufacturing function; or
 - 2.4.2 R300 million for intragroup services;
- 2.5 the person is tax compliant to the extent referred to in section 256(3) of the Tax Administration Act; and
- 2.6 the person is a “resident” as defined in section 1 of the Income Tax Act..

Despite a person meeting the above requirements, SARS retains a discretion, based on the nature of the affected transaction, the industry in which the person operates, and the available resources at SARS, to accept or reject the application for a DTA advance pricing agreement.

3. Commencement

This Notice will apply to all applications for a DTA advance pricing agreement received on or after the date of publication of this Notice in the Government *Gazette*.

SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS**NO. 7788****7 Augustus 2026**

**PERSONE WAT KWALIFISEER OM AANSOEK TE DOEN BY DIE KOMMISSARIS OM 'N DBO
VOORAFPRYSOOREENKOMS INGEVOLGE ARTIKEL 76C VAN DIE
INKOMSTEBELASTINGWET, 1962 (WET NO. 58 VAN 1962)**

Ingevolge artikel 76C van die Inkomstebelastingwet, 1962, bepaal ek, Ngobani Johnstone Makhubu, Kommissaris vir die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, hiermee in die aangehegte Bylaag, die persone wat kwalifiseer om aansoek te doen by die Kommissaris om 'n DBO voorafprysoreenkoms.

N J MAKHUBU**KOMMISSARIS VIR DIE SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS**

Bylaag

1. Algemeen

Enige woord of uitdrukking in hierdie kennisgewing vervat waaraan 'n betekenis geheg is in 'n "Belastingwet" soos in artikel 1 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011 (Wet No. 28 van 2011) omskryf, dra die betekenis aldus daaraan geheg, tensy die samehang andersins aandui.

2. Persone wat kwalifiseer om aansoek te doen om 'n DBO voorafprysooreenkoms

'n Persoon wat 'n party tot 'n geaffekteerde transaksie is, of beoog om 'n geaffekteerde transaksie aan te gaan, kwalifiseer om aansoek te doen by SAID om 'n voorafprysooreenkoms, met dien verstande dat—

- 2.1 die persoon 'n omset van groter as R10 biljoen gehad het in die jaar van aanslag, wat die jaar van aanslag waarin die persoon die voor-aansoek konsultasie versoek het, voorafgegaan het;
- 2.2 die geaffekteerde transaksie met betrekking tot die volgende funksies is:
 - 2.2.1 distribusie;
 - 2.2.2 vervaardiging; of
 - 2.2.3 intragroepdienste;
- 2.3 die geaffekteerde transaksie nie finansiële ondersteuning daarstel nie, en nie die skepping van ontasbare eiendom daarstel of tot gevolg het nie;
- 2.4 die waarde van die geaffekteerde transaksie vir elkeen van die jare van aanslag in artikel 76K(5) van die Inkomstebelastingwet, verwag word om te oorskry:
 - 2.4.1 R1 biljoen vir 'n distribusie- of vervaardigingsfunksie; of
 - 2.4.2 R300 miljoen vir intragroepdienste;
- 2.5 die persoon belastingnakomend is tot die mate in artikel 256(3) van die Wet op Belastingadministrasie bedoel; en
- 2.6 die persoon is 'n "inwoner" soos in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet omskryf.

Behoudens dat 'n persoon bogemelde vereistes nakom, behou SAID 'n diskresie, gebaseer op die aard van die geaffekteerde transaksie, die industrie waarbinne die persoon funksioneer, en die beskikbare hulpbronne by SAID, om die aansoek om 'n DBO voorafprysooreenkoms te aanvaar of te verwerp.

3. Inwerkingtreding

Hierdie Kennisgewing sal op alle aansoeke om 'n DBO voorafprysooreenkoms ontvang op of na die datum van publikasie van hierdie Kennisgewing in die *Staatskoerant* van toepassing wees.